



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

**MUSIEK V1
MODEL 2013
MEMORANDUM**

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 24 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings, naamlik AFDELING A tot D.
2. Beantwoord AFDELING A op hierdie vraestel slegs met potlood, in die spasies wat voorsien is.
3. Beantwoord AFDELING B, C en D met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Jy mag dit verwyder.
6. Jy mag nie toegang hê tot enige musiekinstrument vir die duur van die eksamen nie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

VRAAG	TOTALE PUNTE	NASIENER	MODERATOR
AFDELING A			
1	15		
2	15		
3	10		
4	20		
SUBTOTAAL	60		
AFDELING B			
5	10		
6	10		
SUBTOTAAL	20		
AFDELING C			
7–16	30		
SUBTOTAAL	30		
AFDELING D			
17–19	10		
SUBTOTAAL	10		
GROOTTOTAAL	120		

AFDELING A: MUSIEKTEORIE**BEANTWOORD VRAAG 1, 2.1 OF 2.2, 3, EN 4.1 OF 4.2.****VRAAG 1**

Bestudeer *In the Groove* deur Mike Cornick en beantwoord die vrae wat volg.

In the Groove

(vir Klarinet en Klavier)

Mike Cornick

Medium tempo swing ♩ = 116

(c)

(a)

(d)

(b)

etc.

- 1.1 Die tydmaatteken van die stuk is weggelaat. Skryf die korrekte tydmaatteken op die toepaslike plek(ke) op die partituur in.

Antwoord:

4/4 OF C en op drie plekke op die partituur

1 punt klarinetparty, 2 x ½ punte vir klavierparty = 2 punte

(2)

- 1.2 Noem die intervalle wat (a) en (b) gemerk is, byvoorbeeld (f) Majeur 3^{de}.

Antwoord:(a) Majeur 2^{de} = 1 punt(b) Volmaakte 5^{de} = 1 punt

Geen ½ punte

(2)

- 1.3 Noem die tipe drieklank by (c) en (d), byvoorbeeld (g) Vergrote drieklank.

Antwoord:

- (a) Mineur drieklank
 (d) Verminderde drieklank
 1 punt elk = 2 punte

(2)

- 1.4 Transponeer maat 1 en 2 van die B^b-klarinetsparty sodat dit reg klink wanneer dit saam met die klavier speel. Sluit die nuwe toonsoortteken in.

Antwoord:



1 punt vir die toonsoortteken, 1 punt vir maat 1 en 2 punte vir maat 2 = 4 punte

(4)

- 1.5 Skryf die F blues-toonleer opgaande, in die gegewe sleutel. Gebruik heelnote.

Antwoord:



$\frac{1}{2}$ punt per noot, uitgesluit die boonste F = 3 punte
 Korrekte enharmoniese alternatiewe is aanvaarbaar

(3)

- 1.6 Watter ritmiese middel word prominent in hierdie stuk gebruik? Omkring EEN voorbeeld op die partituur.

Antwoord:

Sinkopasie/Vooruitneming
 1 punt vir sinkopasie/vooruitneming
 1 punt vir korrekte aanduiding op die partituur

(2)

[15]

BEANTWOORD ÓF VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2.**VRAAG 2.1**

Gebruik die aanvangsmotief hieronder en voltooi 'n melodie van agt mate met 'n AB-vorm vir fluit of trompet of viool. Dui aan vir watter instrument jy skryf en voeg dinamiese en artikulasietekens by.

Instrument: _____

Allegretto

Moontlike antwoord:

Instrument: Fluit

Allegretto

Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Vorm en kadenspunte	4 (2 + 2)	
Musikaliteit	10	
Dinamiek en artikulasie	5	
Korrekte notasie	7 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	4	
TOTAAL	30 ÷ 2 = 15	

(Nasieners mag ½ punte gebruik)

[15]



OF

VRAAG 2.2

Gebruik die aanvangsmotief hieronder en voltooi 'n melodie van agt mate met 'n AB-vorm vir fagot of tromboon of tjello. Dui aan vir watter instrument jy skryf en voeg dinamiese en artikulasietekens by.

Instrument: _____

Adagio



Moontlike antwoord:

Instrument: Tjello

Adagio

Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Vorm en kadenspunte	4 (2 + 2)	
Musikaliteit	10	
Dinamiek en artikulasie	5	
Korrekte notasie	7 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	4	
TOTAAL	30 ÷ 2 = 15	

(Nasieners mag ½ punte gebruik)

[15]

VRAAG 3

Bestudeer die uittreksel hieronder uit *Thula Sizwe*, 'n tradisionele Afrika-koorwerk, en beantwoord die vrae wat volg.

Thula Sizwe

(Text omitted)

Traditional isiZulu

With conviction ♩ = 120

The first system of the musical score consists of five staves. The top staff is a treble clef with a soprano '8' and a dynamic marking of *f*. It begins with a quarter rest followed by a melodic phrase. The second staff is a treble clef with a dynamic marking of *f* and contains a melodic line with a repeat sign. The third staff is a treble clef with a dynamic marking of *f* and contains a melodic line with a repeat sign. The fourth staff is a treble clef with a dynamic marking of *f* and contains a melodic line with a repeat sign. The fifth staff is a bass clef with a dynamic marking of *f* and contains a bass line with a repeat sign. Vertical boxes labeled (a), (f), and (b) group specific notes in the second, third, and fourth staves.

The second system of the musical score consists of five staves. The top staff is a treble clef with a soprano '8' and a dynamic marking of *f*. It begins with a quarter rest followed by a melodic phrase. The second staff is a treble clef with a dynamic marking of *f* and contains a melodic line with a repeat sign. The third staff is a treble clef with a dynamic marking of *f* and contains a melodic line with a repeat sign. The fourth staff is a treble clef with a dynamic marking of *f* and contains a melodic line with a repeat sign. The fifth staff is a bass clef with a dynamic marking of *f* and contains a bass line with a repeat sign. Vertical boxes labeled (c), (d), (e), and (g) group specific notes in the second, third, and fourth staves.

3.1 Noem die toonsoort van die stuk.

Antwoord:

F majeur

1 punt

(1)

3.2 Noem die relatiewe mineurtoonsoort van die toonsoort in VRAAG 3.1.

Antwoord:

D mineur

1 punt

(1)

3.3 Besyfer die akkoorde gemerk (a)–(d), byvoorbeeld G: I^b of I⁶ of G/B.

Antwoord:

(a) F: I^b of I⁶ of F/A

(b) F: IV of B^b

(c) F: I^c of I⁶₄ of F/C

(d) F: V of C

1 punt per akkoord. Geen ½ punte.

Moenie penaliseer as die toonsoort weggelaat is nie.

(4)

3.4 Noem die kadens by (e). Skryf die toonsoort, akkoordprogressie en naam van die tipe kadens neer, byvoorbeeld A: V-vi, onderbroke kadens.

Antwoord:

F: V-I Voltooide kadens

1 punt vir die toonsoort en akkoordprogressie (2 x ½ punt = 1 punt)

1 punt vir naam van kadens

(2)

3.5 Noem die nieharmoniese note by (f) en (g).

Antwoord:

(f) Geaksentueerde deurgangsnoot

(g) Vooruitneming

1 punt elk = 2 punte

(2)

[10]

BEANTWOORD ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**VRAAG 4.1**

Voltooi die vierstemmige, vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en basparty by te voeg.

**Moontlike antwoord:**

I iii IV Ib vib ii V Ib Vc I IVb Ic V I

Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Korrektheid: notasie, stemvoering, verdubbeling, spasiëring (14 akkoorde)	14 (Minus ½ punt per fout)	
Akkoordprogressie: akkoordkeuse (12 progressies en gebruik van nieharmoniese note)	12 (Minus ½ punt per fout)	
Algemene indruk (gebruik van deurgangsnoot en terughouding sal met 'n ½ punt elk gekrediteer word)	14	
TOTAAL	40 ÷ 2 = 20	

Indien slegs 'n basparty verskaf word, moet die 'Akkoordprogressie' slegs uit 6 punte geëvalueer word en geen punte moet vir 'Korrektheid' en 'Algehele indruk' toegeken word nie.

OF

VRAAG 4.2

Voltooi *Summer Rag* hieronder deur die leë mate in te vul. Maak seker dat jy voortgaan in die styl van die gegewe materiaal.

Summer Rag
Moontlike antwoord:**Summer Rag**

Die antwoord sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Korrektheid: notasie, stemvoering, spasiëring (8 mate)	10 (Minus ½ punt per fout)	
Akkoordprogressie: akkoordkeuse	16 (2 per maat) (Minus ½ punt per fout)	
Algehele indruk	14	
TOTAAL	40 ÷ 2 = 20	

[20]**TOTAAL AFDELING A: 60**

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**VRAAG 5 (VERPLIGTEND)**

5.1	D
5.2	B
5.3	C
5.4	C
5.5	E
5.6	C
5.7	D
5.8	B
5.9	E
5.10	B

[10]**VRAAG 6: MUSIEKTEATER, ROCK EN POP, EN MODERNE KONSTRUKTE****6.1 MUSIEKTEATER (VERPLIGTEND)**

- 6.1.1
- 'n Teatervorm (blyspel) wat sang, gesproke dialoog, toneelspel en dans kombineer.
 - Word dikwels 'n musiekblyspel genoem
 - Het dikwels 'n ligte toon en humor.
 - Die storie en emosionele inhoud, bv. humor, patos, liefde, woede word as 'n integrale geheel uitgebeeld deur middel van die teks, musiek, beweging en tegniese aspekte van die vermaak.
 - Gelyke aandag word aan die musiek, dialoog en beweging (dans) gegee.

*Enige 3***(3)****6.1.2 Libretto/Teks:**

- Verskaf die storie/plot
- Verskaf aan die musiekblyspel 'n basiese struktuur en stabiliteit
- Lirieke word geskryf deur die lirikus en die musiek word deur die komponis gekomponeer om by die storielyn te pas
- Die doel van die lirieke is gewoonlik om by te dra tot die storielyn of om die karakter se gevoel weer te gee

Musiek:

- Instrumentaal, vokaal of beide
- Help om die karakter uit te beeld
- Ontwikkel belangrike situasies of ontwikkel aksie
- Bepaal die stemming

Dans:

- Sommige danse word slegs gebruik vir vermaak terwyl ander danse gebruik word om die storie te vertel en die stemming uit te beeld
- Danse is dikwels lig en ritmies om die inhoud en stemming van die musiekblyspel te verhoog

<p><i>1 punt per element = 3</i> <i>1 punt vir elke bespreking = 3 punte</i> $6 \div 2 = 3$</p>
--

(3)

BEANTWOORD ÓF VRAAG 6.1 ÓF VRAAG 6.2.**6.2 ROCK EN POP**

- 6.2.1 'Lead'-kitaar, Ritmekitaar, Baskitaar, Tromstel, 'Lead'-vokaal, Elektroniese klawerbord (Gesintetiseerde klavier) (enige 4)

<p><i>$\frac{1}{2}$ punt elk = 2 punte</i></p>

(2)

- 6.2.2
- Maatslag
 - Omdat die 2^{de} en 4^{de} maatslag beklemtoon word

<p><i>Maatslag = 1 punt</i> <i>Verduideliking = 1 punt</i></p>

(2)

OF**6.3 AFRIKA-MUSIEKTEATER**

- 6.3.1 Dans

<p><i>Dans (beweging) = 1 punt</i></p>
--

(1)

- 6.3.2 Poliritme

<p><i>Poliritme = 1 punt</i></p>

(1)

6.3.3

MUSIEKBLYSPEL	KOMPONIS/ SKEPPER/ SKRYWER	STORIELYN
<i>uMabatha</i>	Welcome Msomi	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Verwerking van Shakespeare se Macbeth • Vertel 'n storie oor Shaka die Zoeloekoning, gierigheid en verraad
<i>Iph'intombi</i>	Bertha Egnos and Gail Laiker	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Liefdesverhaal tussen 'n meisie van 'n klein dorpie en 'n jong man wat op die myne gaan werk • Hy ondervind konflik tussen die nuwe lewe in die stad en die lewe wat hy agtergelaat het
<i>Sarafina</i>	Mbongeni Ngema	<ul style="list-style-type: none"> • Vertel die storie van studente-oproeringe in Soweto wat teen apartheid in opstand kom
<i>African Footprint</i>	Richard Loring	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Reis deur Afrika se geskiedenis, kultuur en gees
<i>Umoja</i>	Todd Twala and Thembi Nyandeni	<ul style="list-style-type: none"> • Dit beeld Suid-Afrikaanse musiek uit wat wissel van stamdanse, Kwela, Gumboot en Pantsuladanse

Komponis/skrywer/skepper = 1 punt
Opsomming van storielyn = 1 punt

(2)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C**BEANTWOORD EEN VAN DIE VOLGENDE IN AFDELING C:**

- **WESTERSE KUNSMUSIEK (VRAAG 7–8)**
- **JAZZ (VRAAG 9–11)**
- **INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (VRAAG 12–16)**

WESTERSE KUNSMUSIEK**VRAAG 7**

- 7.1
- Sommige verse van die teks musikaal dieselfde
 - Een vers substansieel anders omdat die teks 'n ander stemming suggereer
 - Voorbeeld : *Die Forelle*, of enige ander korrekte antwoord

<p><i>Betekenis van die term = 1 punt</i> <i>Werk = 1 punt</i></p>
--

(2)

- 7.2
- Klavierbegeleiding skep die stemming van al Schubert se liedere
 - Vorm 'n integrale deel van elke lied
 - Nie slegs 'n begeleiding vir 'n vokalelyn nie
 - Voorbeeld: *Der Erlkönig*, *Gretchen am Spinnrade*, of enige ander korrekte antwoord

<p><i>Kommentaar = 2 punte</i> <i>Werk = 1 punt</i></p>

(3)

- 7.3
- Algemene inligting**
- Gekomponeer in die Romantiese periode (1844)
 - Raadpleeg Ferdinand David (bekende violis oor inligting t.o.v. viooltegniek)
 - Keuse van vorm beïnvloed deur die Klassieke periode (die eerste en derde bewegings is in sonatevorm)

Vorm

- Sonatevorm
- Mendelssohn breek weg van die streng Klassieke formaat van sonatevorm
- Gebruik nie 'n dubbele uiteensetting nie
- Soloviool begin met die eerste tema
- Cadenza by heruiteensetting en nie by die Koda nie

Harmonie en Tonaliteit

- E mineur met modulasie na die verwante (relatiewe) majeur (G majeur) en dominantmineur (B mineur)
- Dramatiese effek verhoog deur gebruik van tipiese Romantiese harmonie met volop verminderde sewende akkoorde en sekondêre dominante

Solis teenoor Orkes

- Vereis vaardige spel van die solis
- Groter kontras tussen die solis en die orkes
- Orkes kom tot volle potensiaal
- Pragtige kontras van toonkleur en uitdrukking tussen die viool en orkes
- Cadenza deur die komponis uitgeskryf met ligte begeleiding deur die orkes

Algemene inligting = 1 punt

Vorm = 3 punte

Harmonie en Tonaliteit = 2 punte

Solis teenoor Orkes = 3 punte

Opstelmaat: Inleiding – Liggaam – Opsomming = 1 punt

(10)
[15]

VRAAG 8

- 8.1
- Franse artistieke beweging van die laat 19de eeu tot vroeg 20ste eeu wat 'n eiesoortige ligte en kleurvolle skilderstyl ontwikkel het
 - Hierdie beweging is ook toegepas in musiek waar die komponis 'n persoonlike en 'n programmatiese uitdrukking van 'n musikale idee in musiek weergee
 - Die effek is dikwels vaag wat veroorsaak word deur onduidelike tonaliteit en maatslag sowel as nie-funksionele akkoordkonstruksies

Definisie = 2 punte

(2)

- 8.2
- *Voiles*: Prelude/Karakterstuk
 - *Afternoon of a Faun*: Orkeswerk/Prelude
 - *Children's Corner Suite*: Klavierwerk
 - *La Mer*: Simfonie
- Of enige ander korrekte antwoord*

Naam van werk = 1 punt elk

Benoeming van Genre = 1 punt elk

(4)

- 8.3
- Primitivisme – herhaalde ritmiese patrone, ostinato, ens.
 - Polimeter – verskillende maatslae wat gelyktydig op verskillende instrumente klink
 - Toontrosse – nie-tradisionele akkoorde wat vir klankeffekte gebruik word
 - Dissonans – onopgelos vir om 'n skikeffek te bewerkstellig
 - Skerp onreëlmatige aksente = veral op swak polse
 - Digte en komplekse orkestrale teksture – groot orkes
 - Maatslae wat wissel, bv. 5/4 en 7/4, sinkopasie, ens.
 - Instrumentale toonkleurkombinasies vir kleur, bv. hoë fagot, Engelse horing en Klarinet in D wat in die eerste vyf mate van die werk gebruik word
- Enige 4*

(4)

8.4 Paul Whiteman (orkesleier)

<i>Paul Whiteman (orkesleier) = 1 punt</i>
--

(1)

8.5

- Sinkopasie en kruisritmes
- 'Blue'note
- Blues-toonleer word in al die temas gebruik
- Akkoorde met bygevoegde note, bv. 2des, en 6des
- Jazz-toonkleur en toonhoogte-effekte bv. wah-wah-dempers, fladdertongwerk, glissandos
- Beïnvloed deur Ragtime-ritmes en Stride-pianiste se ritmiese en improvisasiestyl

Enige 4

(4)

[15]**OF****JAZZ****VRAAG 9**

9.1

- Jazzstyl en 'n uitbreiding van Bebop
- Hoofsaaklik beïnvloed deur blues en gospelmusiek
- Gekarakteriseer deur intense, vooruitstuwende ritmes en blues-gebaseerde melodieë

Voorbeeld:

- *Mr P.C.* (John Coltrane)
- *Moaning* (Art Blakey)
- *Mercy, Mercy, Mercy* (Julian 'Cannonball' Adderley)
(of enige ander korrekte antwoord)

<i>Betekenis van term = 1 punt</i>
<i>Werk = 1 punt</i>

(2)

9.2

- Stadige harmoniese ritme ('n spesifieke akkoord kan tot en met sestien mate oor en oor herhaal word)
- Akkoorde geneig om nie op te los nie en skep 'n klank wat nut is vir die luisteraar en improviseerder
- Pedaalpunte en dreunbas kom dikwels voor
- Gebruik eerder musikale modusse as 'n basiese akkoordprogressie
- Afwesigheid van standaard funksionele harmoniese progressies

*Enige 2***Voorbeeld**

- *So What* – Miles Davis
 - *Impressions* – John Coltrane
 - *Maiden Voyage* – Herbie Hancock
- Enige 1*

<i>Styleienskappe = 2 punte</i>
<i>Werk = 1 punt</i>

(3)

9.3 **Algemene inligting**

- Populêr gedurende die 1940's en 1950's
- Oorsprong van die term kom van die kort, onreëlmatige, sterk geaksentueerde maatslae wat onverwags deur die bastrom gedurende optredes gespeel word

Melodiese toepassing in Bebop

- Gefragmenteerd
- Gebruik akkoordprogressies van populêre wysies vir melodieë
- Gebruik groot spronge/intervalle
- Onreëlmatige frasering
- Skielike/onverwagte veranderinge in die melodiese kontoer
- Die voordrag begin en eindig met die hooftema deur een van die soliste of deur twee soliste in unisoon

Ritme

- Gebruik poliritmes
- Die maatslag word hoofsaaklik aangedui deur die piccato bas en groot hangsimbaal, nie deur die snaartrom of bastrom nie
- Ritmes mees gevarieerd en onvoorspelbaar as die in vroeë jazz
- Ritmiese materiaal van instrumente verskil
- Elke instrument wat in die jazz-ensemble speel is 'n belangrike rol as solis
- Die tromspelers verskaf 'n groot verskeidenheid ritmiese idees wat hulle in staat stel om eerder soliste as slegs tydhouders te wees
- Die tromspeler verskaf onreëlmatige aksente

Instrumente

- Tipiese instrumentasie sluit die saksofoon en trompet in
- Ondersteun deur die ritmeseksie wat bestaan uit 'n klavier, bas, perkussie / tromstel

Belangrike kunstenaars/musikante

- Charlie Parker
- Dizzy Gillespie
- Thelonious Monk

Algemene inligting = 1 punt
 Melodieë = 2 punte
 Ritme = 2 punte
 Instrumente = 3 punte (*Enige 3*)
 Belangrike kunstenaars / musikante = 1 punt
Opstelformaat: Inleiding – Liggaam – Opsomming = 1 punt

(10)
[15]

VRAAG 10

- 10.1
- 'n Tipe jazz wat rock en funk-elemente vermeng
 - Ontwikkel deur die vermenging van funk en R&B-ritmes sowel as klankversterking en elektroniese effekte van rock-musiek
 - Die term "Jazz rock" word dikwels as sinoniem gebruik

Definisie en verduideliking = 2 punte

(2)

- 10.2
- Miles Davis – *Bitches Brew*
 - Herbie Hancock – *Watermelon Man*
 - Joe Zawinul - *Birdland*

Naam van kunstenaar/musikant = 1 punt elk x 2
Naam van werk = 1 punt elk x 2

(4)

- 10.3
- Gebruik jazz-idiome
 - Geen tonaliteit of voorafbepaalde akkoordsekwense
 - Vertolk die 'stem' of 'klank' van die musikant
 - Gebruik onkonvensionele klanke op instrumente
 - Meer klem op improvisasie
 - Gespeel deur 'n klein groepie musikante
 - Behou 'n algemene pols en 'swing'; maar sonder 'n reëlmatige maatslag met accelerandos en ritardandos wat dikwels voorkom
 - Gebruik ook reëlmatige maatslag
 - Improviseerders speel solo's gebaseer op die akkoorde wat gebruik word in die musiek
 - Gebruik 'n verskeidenheid ritmes en tempi
 - Gebruik rubato
 - Tipiese instrumente: saksofoon, trompet, tromboon, klavier, kitaar, kontrabas en tromme
- Enige 5*

(5)

- 10.4 Ornette Coleman

Ornette Coleman = 1 punt

(1)

[12]**VRAAG 11**

- 'n Vaardige instrumentalis (gewoonlik 'n manlike voordraer) wat tradisionele musiek op Westerse instrumente speel
- Geassosieer met kitaar
- Die term *Maskanda* kom van die Afrikaanse woord 'musikant'
- Geassosieer met Zoeloevolksmusiek

- Staar bekend as 'Zoeloe Blues', as gevolg van die sikliese herhaling en pluk van snare op die kitaar
- Die kitaar se snare word eerder gepluk as gestrum
- *Maskandi* bestaan tradisioneel uit 'n lied wat betrekking het op die sanger (gewoonlik 'n manlike sanger) se regte lewenservaringe, sy daaglikse plesier, probleme, ens.
- *Maskanda*-liedere het 'n bepaalde struktuur wat gewoonlik met 'n inleidingseksie *izihlobo* of *intela* begin
- Die inleiding bevestig die sangers se persoonlike styl
- 'n *Maskanda*-lied begin met 'n boodskap (*izihlobo*). 'This is what I am about to play and this is who I am.'
- Daar word verskillende style deur verskillende persone op verskeie plekke waar hulle woon gespeel. (Mense dans, speel op tromme, klap hande op verskillende maniere)
- *Maskanda*-danse kan geïdentifiseer word volgens die distrik of provinsie
- Baie van die *maskanda*-lirieke beklemtoon en is gebaseer op Zoeloe-tradisies
- *Maskanda* musiek word ook gebruik vir volledige 'band'-optredes wat die baskitaar, kitaar en tromme insluit
- Deesdae nie slegs gesing of opgevoer deur manne nie
- Afrikavroue staan ook deesdae bekend vir hulle *maskanda* musiek

Enige 3

[3]

OF

INHEEMSE AFRIKAMUSIEK

VRAAG 12

- Sy gebruik die antieke Afrika tradisionele progressies wat bestaan uit twee akkoorde wat 'n heeltoon verskil
- Weergee gevoelens en gedagtes van die antieke lewenswyse uit
- Begelei haarself op die Uhadi, Isitolotolo, en Umrhubhe
- Sing in IsiXhosa
- Gebruik botone
- Melodieë gebaseer op 'n toonleer soortgelyk aan die van die Lidiese modus

Enige 4

(4)

Werke

- *Uphando Luphelile*,
- *Nomtwayoyo*
- *Yitileni*
- *Power to Women*
- *Yaka Yaka*
- *Wenu Se Goli*

Enige 2

(2)

<p><i>Stylkenmerke = 4 punte</i> <i>Naam van werke = 2 punte</i></p>

[6]

VRAAG 13

Definisie van TWEE van die volgende danse:

Kiba

- A Bapedi dans word opgevoer deur mans en vroue
- Die dansers speel aluminiumpype op verskillende toonhoogtes
- Begelei deur tromme
- Manne dra tradisionele drag en die vroue dra tradisionele klere wat vir die eerste keer na inisiasie gedra word

Enige 2

OF

Indlamu

- Tradisionele danse geassosieer met Zoeloekultuur
- Afkomstig van oorlogsdanse
- Opgevoer met tromme
- Dra volle tradisionele Zoeloedrag

Enige 2

OF

Famo

- Tipe musiek/dans van Lesotho wat bestaan uit sang wat deur trekklavier en tromme begelei word
- Oorspronklik 'n bloeddorstige dans om manne wat oorlog gaan maak aan te moedig
- Bestaan uit manlike en vroulike sangers en ululasie
- Liedere verwys dikwels na stedelike lewenswyse en vroulike sangers gebruik hulle sang om hul manlike metgeselle uit te daag

Enige 2

OF

Mxongolo

- 'n Tsongadans opgevoer deur ouer manne gedurende tradisionele vieringe
- Begelei deur sang
- Word gedoen deur stadige stamp van voete ('stomping')
- Sluit lofgesange in

Enige 2

OF

Tshikona

- 'n VhaVenda Koninklike dans
 - Opgevoer deur manne
 - Elke danser het 'n pyp wat uit spesiale bamboes vervaardig is
 - Elke speler speel een noot wat opgevolg word deur 'n volgende speler wat ontwikkel in 'n melodie
 - Die dans word by troues, begrafnisse en godsdienstige seremonies opgevoer
- Enige 2*

OF**Tshigombela**

- 'n VhaVenda-dans vir vroue
 - Opgevoer deur getroude vroue
 - 'n Feestelike dans wat soms gedurende dieselfde tyd as Tshikone opgevoer word
- Enige 2*

[4]**VRAAG 14**

- 'n Talentvolle sangeres en musiekonderwyseres wat baie jong sangers opgelei het
 - Musiekadviseur vir die film *Zoeloe*
 - Bekend vir haar vaardigheid op die *ugubhu* en *amakhweyana*-boë en die Europese 'autoharp'
 - Sy was 'n lofsanger
 - Onderskei haarself met haar wye vokale omvang van ongeveer drie oktawe
 - Skep 'n verskeidenheid van emosies met haar stem
 - Sy verskaf 'n skakel met die erfenis van Zoeloekultuur
 - Bekend as die gesaghebbende persoon in Zoeloemusiek en Zoeloekultuur
 - Sommige van haar liedere was gebruik in 'n Opera deur Michael Hanckinson en Mzilikazi Khumalo
 - Haar musiek was algemeen op Suid-Afrikaanse en Wes-Duitse radiosenders gespeel wat haar internasionale faam gee
- Enige 6*

[6]**VRAAG 15**

- 15.1 **Kreptasie:** Klanktegniek wat dikwels met 'n sangerige wysie en 'mouth drumming' gebruik word om musieksituasies in Afrikamusiek te verhoog. (1)
- 15.2 **Ululasie:** 'n Lang golfagtige hoë vokale klank' met 'n trillende kwaliteit gemaak met die vinnige beweging van die tong en skaamspleet (vulva) om waardering vir 'n opvoering of gedeelte van 'n opvoering te toon. (1)
- 15.3 **Fonestetika:** Gebruik van klanke wat ander idees of instrumente verteenwoordig (1)
- 15.4 **Onomatopeïese sang:** Gebruik van woorde om klanke na te boots, bv. die woord 'slaan' word gebruik vir 'n klank gemaak deur vel wat teen vel geslaan word. (1)

[4]

VRAAG 16

16.1 **Stylkenmerke van Afrikamusiek**

- Dikwels poliritmies, heterofonies en polifonies
- 'n Groot aantal kleurvolle instrumente wat individueel (as begeleiding vir sang) en in klein en groot ensembles gebruik word
- Melodieë bestaan dikwels uit twee gebalanseerde frases
- Daar kom dikwels 'n leier/refreinverwantskap in die voordrag voor
- Polifoniese voordrag word gewoonlik gestruktureer sodat twee partye of groepe sangers of instrumentaliste in beurtsang optree
- Meesal geassosieer met dans
- Voordrag geskied oor die algemeen buite
- Digte orkestrale klankkleur wat gekombineer word met staccato-artikulasie
- Oorvleueling van koorbeurtsang en responsoriese sang(teensang) kom hoofsaaklik in Afrikapolifonie voor
- Kanoniese nabootsing kan in koorbeurtsang en responsoriese sang voorkom as gevolg van die herhaling van die eerste frase van die inleiding of nuwe melodiese materiaal in refreinvorm
- Ostinato word gewoonlik beperk tot 'n redelike klein omvang en is gewoonlik kort
- Die unieke mikrotoon-toonhoogtesistiem veroorsaak 'n subtiele Afrikaklank
- Die vorm van sommige Afrikamusiekwerke is dikwels gebaseer op onmiddellike herhaling of 'n musikale frase wat deurgaans aangehou word, of in 'n strofiese vorm
Enige 5

16.2 **Die funksie van Afrikamusiek in Afrikakultuur**

- Die primêre funksie van Afrikamusiek is om samehorigheid onder die gemeenskap te bevorder
- Musiek speel 'n integrale deel in rituele by geboorte en puberteit, troues dood, inisiasies en algemene rituele (bv jagtogte, boerdery en algemene byeenkomste, ens.)
- 'n Groep mense sing en dans dikwels van een dorp tot dorp, of 'n dans mag plaasvind om goeie verhoudinge met die buurdorp te bewerkstellig
- Deur middel van kostuums, maskers en musiekinstrumente verkry seremonies en rituele gewoonlik 'n gevoel van gewydheid
- Die Watusi koninklike trom word gebruik om 'n siel (gesimboliseer deur 'n spoelklippie binne-in die trom) van kwaad of sonde of siekte of die bose gees te verlos
- Die gehoor se bydrae, 'n tipe samehorigheid van die gemeenskap vorm 'n belangrike deel van Afrikamusiek
- Musiek word beskou as die geboortereg van alle Afrikakinders
- Vorm deel van voorbereiding vir die lewe
- Musiekspeletjies wat ritmiese aksente inherent aan 'n verskeidenheid tale insluit, is baie belangrik vir die ontwikkeling van jong kinders
Enige 5

TOTAAL AFDELING C:

**[10]
30**

AFDELING D

Kandidate wat in WKM spesialiseer, moet VRAAG 18 EN 19 beantwoord.

Kandidate wat in JAZZ spesialiseer, moet VRAAG 17 EN 19 beantwoord.

Kandidate wat in IAM spesialiseer, moet VRAAG 17 EN 18 beantwoord.

VRAAG 17: OORSIG VAN WESTERSE KUNSMUSIEK

- 17.1 **ONWAAR:** 'n Tipiese karakterstuk is 'n instrumentale werk vir **klavier**.
- 17.2 **ONWAAR:** 'n Tipiese strykkwartet bestaan uit **Viool 1, Viool 2, Altviool** en **Tjello**.
- 17.3 **WAAR**
- 17.4 **ONWAAR:** *Basso continuo* word beskou as die grondslag van die meeste tipes **Barokmusiek**.
- 17.5 **ONWAAR:** 'n Romantiese opera word deur 'n **volle orkes** begelei
- 17.6 **WAAR** (10 ÷ 2) **[5]**

VRAAG 18: JAZZ-OORSIG

- 18.1 **WAAR**
- 18.2 **ONWAAR:** 'Backbeat' beklemtoon die tweede en vierde polsslag van 'n 4_4 tydmaatteken.
- 18.3 **WAAR**
- 18.4 **ONWAAR:** 'n 'Blues' stuk bestaan gewoonlik uit **12-maat** struktuur en het 'n enkelvoudige tydmaatteken.
- 18.5 **WAAR**
- 18.6 **WAAR**
- 18.7 **ONWAAR:** 'Ragtime' is hoofsaaklik **klaviermusiek** en word in 'n flink tempo uitgevoer. (10 ÷ 2) **[5]**

VRAAG19: OORSIG VAN INHEEMSE AFRIKAMUSIEK

- 19.1 **ONWAAR:** Vraag en antwoord is 'n sangstyl waarin 'n **solis** 'n frase sing waarna die **koor** solis met 'n antwoordfrase reageer.
- 19.2 **WAAR**
- 19.3 **WAAR**
- 19.4 **WAAR**

19.5 **ONWAAR:** 'Mbaqanga' ontstaan in die vroeë **1960's** in swart, informele nedersettings ('townships') in Suid Afrika.

19.6 **WAAR**

19.7 **ONWAAR:** Die mbira is 'n tradisionele instrument van die Shona-bevolking van **Zimbabwe** en bestaan uit 'n houtbord en metaal stafies. (10 ÷ 2) **[5]**

TOTAAL AFDELING D: 10
GROOTTOTAAL: 120